# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## 'n Ewige verbond!

**Skriflesing:**
Esegiël 16

**Teksvers:**
Esegiël 16:60-63

**Sing:**
Ps 89:1,2,7
Ps 25:5
Ps 105:5
Ps 116:1,5,7
Ps 66:7,8,9
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Vir baie mense het die doop, veral die kinderdoop, iets van 'n familie-ritueel geraak en loop ons die gevaar dat dit eintlik iets soos familie-saamtrek kan word. Dié klemverskuiwing kan gevaarlik wees. Die doop aan kinders (en grootsmense) is vir seker iets waar jou familie (as hulle ons geloof deel) saam bly kan wees. Die doop vind egter plaas in die geestelike familiekring van die gemeente waar hierdie kinders gaan opgroei. En dan besef ons dat dit om iets groters gaan.

Die doop is God se *ewige* belofte aan 'n mens! Dit is sy woord van eer aan 'n mensekind om nou en elke dag tot in die ouderdom, maar ook verder, ja *selfs deur die dood* heen, vir ewig jou God te wees en jou te seën met die keur van sy genadeseën, tot in alle ewigheid.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Wat, wie en waar is die kerk?

**Skriflesing:**
Ef 2:11-22; 1 Petr 2:1-10

**Teksvers:**
Ef 2:20-22

**Sing:**
Ps 122-1:1
Ps 48-1:5
Ps 84-1:1
Ps 84-1:2
Sb 13-3
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

As jy op die internet rondblaai, is daar letterlik duisende der duisende Christelike denominasies. Die vraag is altyd, wat, wie en waar is die kerk? Wat is die ware kerk? Wie is die ware kerk? Waar is die ware kerk? Om die antwoord te kry lê egter nie op die internet of doktorsgrade of studies nie, maar lê eenvoudig in die Bybel. Ons moet in die Bybel gaan kyk wat God bedoel het met wat, wie en waar die kerk is! Daarom gaan ons in eenvoud vanaand kyk na wat die Skrif, ook op simboliese wyse aan ons openbaar:

- Wat die kerk is!
- Hoe die kerk gevorm of gebou word!
- Die fondament van die kerk!
- Die bou van die kerk!
- Die dak en die nok van die kerk!



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 46 Nr 36 24 Oktober 2021

# Van sterfbed na geboortekamer

Elke predikant sal seker saamstem dat dit van die moeilikste en mooiste dae in jou lewe is, as jy uitgeroep word na iemand se sterfbed en terselfdertyd word daar 'n kindjie in die volgende saal van dieselfde hospitaal gebore. So was dit twee weke gelede weer die geval toe Oom Pat op 84-jarige leeftyd gesterf het en klein Kobus in ongeveer dieselfde uur gebore is. Vandag is Kobus een van ons dopelinge!

Ek onthou dat destyds toe my jongste dogter in die Westville hospitaal gebore is, ek ook pastorale begeleiding moes doen by Deon, een van ons lidmate, 'n jong pa wat besig was om aan 'n seldsame siekte in dieselfde hospitaal te sterwe! In hierdie tye speel jou eie emosies met jou woer-woer. Een van die baie moeilike omstandighede van ons pastorale werk.

Daarby egter ook een van die mooiste. Dieselfde evangelie van die lewe word by beide bedien. Dieselfde Here en Verlosser word aangeroep. Dieselfde genade word deur die Gees uitgedeel! 'n Sondaar wat by sy sterwe pleit om genade. Nog een wat vasgryp aan Jesus Christus wat die dood oorwin het. 'n Gelowige wat bely dat sy enigste troos is te vinde in sy getroue Saligmaker wat hom met sy bloed losgekoop het van die toorn van God. En dan weer die kind wat gebore word in die verbond wat God al met Abraham gesluit en in Christus vervul het. Om 'n kind in die wêreld te bring is immers 'n yslike waagstuk. Nog 'n sondaar gebore! Maar dan nog een vir wie die Here Jesus sy lewe as offer gegee het. In beide gevalle strek die evangelie veel verder. Verder as die sonde en die dood.

So kan ons dus mekaar vertroos by die sterfbed én by die kraambed!

Maar ook van die doopvont tot in die ouderdom! Die doop is nie net 'n kinder- of baba-ritueel nie. Nee God is aan die werk. Hy alleen. Hy belowe daar aan die dopeling (klein en groot) om getrou te sorg *van die wieg tot die graf*! Hy neem ons as sy kinders aan en sluit 'n lewenslange, nee nog meer, 'n ewige verbond met ons. So kan ons by die bababed en by die ouderdomsbed staan en getroos wees in die goddelike genade wat in die Woord en Sakramente aan ons uitgedeel word.

So kan ons elke dag en heeldag bely dat ons aan Hom behoort wat ons met sy bloed gekoop en ons kinders van God gemaak het. Ons kan dus ons hele lewe lank bely dat God getrou is, ja selfs al is ons ontrou. Hy kan Homself nie verloën nie (2 Tim 2:13).

Groete in Christus

Ds Maarten van Helden

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Meer as oorwinnaars!

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *09:00 - 14:00*

Telefoon: **060 696 7373**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 22, Ps 107:1
Volgende week: Les 23, Ps 107:1

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.



**Daar is geen versorgings fasiliteite nie**—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Des 2021. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid is 108vkm en die maandelikse heffing is R1 425 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 30 Oktober 2021**

---

## S U S T E R S

**TEESKINKBEURTE**

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**24 Okt**
Wyk C14 Gerti Erasmus
Wyk B18 Cecilia Wolmarans
Wyk A15 Amanda Brink

**31 Okt**
Wyk C13 Tia Grüenenfelder
Wyk B17 Nicoline Jonker
Wyk A14 Gwendy Gourly

**DROË VRUGTE**

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Vrugte is vandag beskikbaar in die kombuis
Kontak Rika Kruger 0768347774

**Koningskinders**

Almal wat belangstel om te help met die Koningskinders stalletjie tydens ons evangelisasie naweek, kontak asb vir ds Lourens

**TIENERS** (Graad 7—12)
**GTA Grot**, kom kuier saam elke Sondagaand na die diens.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel, Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring *as you want it*). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Bitterlief** - Vir uitnodigings, *save-the-dates*, besigheidskaartjies, plakkers tot etikette van enige soort. Selfs waterbottels met 'n etiket van jou keuse. Kyk op *facebook* vir voorbeelde en verwysings. Jeske 081 251 9617

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

Mont Fleurkompleks **eenheid te huur**, 1 Des, R8500pm. 2 Sk, 1 bk, 2 mh. Groot erf met lapa, troeteldier vriendelik. Lené vd Walt 060 542 1769.




## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 927 7324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608

## Senior Aksie

Die Senior Aksie hou hulle afsluitingsfunksie op DV Maandag, 15 November 2021 by Orion Olyfplaas te Randfontein.

Ons beplan om 08:30 vanaf die kerk met 'n bus te vertrek en keer vroegmiddag terug.

Ons kry verversings tydens ons aankoms op die plaas en 'n lesing oor die plaas en sy bedrywighede. Daar is ook 'n winkel wat hulle Olyfolie en ander olyfprodukte verkoop. Na 'n ligte middagete vertrek ons weer terug na die kerk.

Die koste daaraan verbonde is R80,00 vir die verversings en R70,00 vervoerkoste.

Senior Aksie lede wat ledegelde betaal het, hoef nie die R80,00 vir die verversings te betaal nie.

Indien daar nog gemeentelede is wat graag wil saamgaan is hulle baie welkom om saam te kom.

Ons wil graag die aantal besoekers se getalle teen Woensdag, 3 November hê om die finale reëlings te tref.

Kontak Wally Wallace (071 578 3625), Ina Nel (083 408 7811) of Liesje Kuperus (083 481 1160) indien u wil saamgaan of verder inligting benodig!



# *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Niel Erasmus sterk aan na 'n prosedure (B16—545 4003).
- Anna-Marie van Staden sterk tuis aan na 'n operasie (A15—654 1851).
- Hennie Lee sterk nog aan in die hospitaal (A9—072 536 4525).
- Jan Heystek sukkel met sy gesondheid (A10—082 337 0081).
- Bets Fourie ontvang komende week behandeling (E1—654 6582).
- Meelewing word betuig met Fanie en Elna de Bruin; Martie Hoffman; familie en vriende na die afsterwe van Marlize gedurende die week. Begrafnis is Dinsdag, 26 Okt te Olievenhoutbosch begraafplaas om 11:00.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk met die doop vanoggend:*

♥ Kobus Wentzel, seun van Jaco en Ashley.
♥ Leia Whitlock, dogter van Leon en Erika.
♥ Philip Maré, seun van Jaco en Maryke.

# *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES


Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Bybelverspreiding

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.



## Kom deel in die triomf van die Evangelie!

**Wanneer?**

**Saterdag 30 Oktober: 15:00 to 20:00**

**Sondag 31 Oktober: Eredienste**

**Waar? GK Centurion**

**Koste? Gratis. Ete Saterdag beskikbaar teen R50pp**

*Koop asb etekaartjies na die oggenderediens op die stoep*

**Saterdag kom vertel Prof Naas Ferreira ons meer oor wat die GKSA doen ivm evangelisasie en Francois Rauch van Harversters Ministries gesels oor "*Die triomf van die evangelie wêreldwyd*"**

**Kom besoek ons stalletjies en word deel van ons uitreikaksies.**

***'Matt 28:20 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…."***

**Bybels sal Saterdag te koop wees teen spesiale pryse (solank voorraad hou)**

**'n Ideale kuiergeleentheid vir oud en jonk!**

---

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na ons

**PSALMFEES**

kom sing saam in die kerk gebou soos regulasies dit toelaat DV

## Sondag 31 Okt 21

## ♫ 15:00 - 17:00 𝄢

of by die huis met jou groepie mense en volg aanlyn - sien gkcenturion.co.za vir die link

**TEMA: SOLI DEO GLORIA**

## GKC Kosbank

Die diakonie en die susters het 'n nuwe projek op die been gebring - GKC Kosbank.

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses (bv Covid 19/kanker).

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



# VERJAARSDAE

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24 Okt | Renette | Harmse | B01 | 27824621839 |
| | Frikkie | van Biljon | A16 | 27729954488 |
| 25 Okt | Tessa | Buys | B09 | 27836622924 |
| | Alta | Jv Rensburg | C03 | 27825776201 |
| | Heleen | Jv Vuuren | B09 | 27837119263 |
| | Karin | Myburgh | A04 | 27824524952 |
| | Nicolene | Speelman | E01 | 27718257414 |
| | Johan | vd Meer | B14 | 27737346018 |
| | Maarten | van Helden | A05 | 27721431855 |
| 26 Okt | Yolanda | vd Bijl | A12 | 27787151863 |
| 27 Okt | Odette | Fourie | A01 | 27721204285 |
| 28 Okt | Hannes | Pieters | C07 | 27828289701 |
| | Tinus | Potgieter | B19 | 27829022841 |
| | Alec | Schiff | C05 | 27832562168 |
| | Cathy | Smit | C15 | 27833763912 |
| | Johan | vd Walt | C12 | 27825775993 |
| 29 Okt | Gerrie | Kruger | B17 | 27825768837 |
| | Ria | Stoker | B07 | 27720410840 |
| 30 Okt | Gerda | du Plessis | B04 | 27828591257 |
| | Hercules | du Plessis | B10 | 27823376837 |
| | Johan | Loock | B13 | 27823317277 |
| | Lena | Malan | C01 | 27834577294 |
| | Ansie | Pohl | C11 | 27834844328 |
| | Rika | Raubenheimer | C13 | 27814843545 |
| | Christo | Smit | C03 | 27824608432 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25 Okt | Cara | Brits | B15 | 27827821416 |
| 26 Okt | Chanel | van Niekerk | A09 | 27814546588 |
| 27 Okt | David | Loock | B13 | 27823317277 |

## Juventus

Elke Donderdagaand
om 19:00 by die kerkgebou.

## SUSTERS

**Die volgende word graag deurgegee.**

**Kosbank**: Baie dankie aan Blok A se wyksusters en susters wat die eerste etes voorsien het vir die gemeente se kosbankprojek. Die kos is gevries en word uitgedeel na die goeddunke van die Diakonie. Blok B sal gekontak word wanneer die voorraad aangevul moet word, waarna Blok C sal volg.

**Tee/koffieskink**: Baie dankie aan die wyksusters wat nou weer begin skink het na die erediens. Dit is heerlik om weer so saam te verkeer!

**Handwerk** – enige gebreide/gehekelde items is welkom. Die houer waarin dit geplaas kan word, sal in die saal wees. Vir meer inligting: Heila: 083 316 3781

**El-Sjalem** – die Susters is op volgehoue basis besig met ondersteuning van die instansie. Vir meer inligting: Gerti: 082 883 3389

**Grendelwinkel** – omdat die beperking opgehef is, verander die naam van die "winkel" ook! Hou die Kommunikaatjie dop vir meer inligting. Die datum van die volgende "winkel" is verskuif na 19 November: Vir meer inligting: Sanmari – 071 485 5995

**Seniors**: die jaarlikse Seniorfunksie word vervang met die uitdeel van 'n bederfpakkie aan alle seniors 65 jaar en ouer. Dit vind plaas in die kerksaal tydens die "winkel"-geleentheid op 19 November. Hou die Kommunikaatjie dop vir meer inligting. Vir navrae – Karen: 084 610 0170

**Sustersaamtrek 2022** – weens die grendeltyd se invloed en onsekerheid van wat dit in 2022 sal inhou, word die Saamtrek op 'n heel nuwe en vars manier aangebied op 5 Maart. Dagboek solank die datum. Meer inligting volg.

**Webblad van GKC-Susters** – die Susters se deel op die webblad is opgedateer en behoort mettertyd steeds meer inligting deur te gee oor die Susters se projekte.

**Droë vrugte:** Bestellings kan steeds by Rika geplaas word – 076 834 7774

So dien ons steeds die Here met **blydskap** en geniet die onderlinge bedrywighede met **oorgawe**!